# BERGRIVIER MUNICIPALITY

DEUS EST VITA

# VERGOEDING VAN AFLOSSE

| | | |
|---|---|---|
| **DATE APPROVED** | : | UK781 – 17/09/02 |
| **COMMITTEE** | : | MAYORAL COMMITTEE |

**UITVOERENDE KOMITEE BESLUIT GENEEM OP 17 SEPTEMBER 2002**

**9.2 BELEID : VERGOEDING VAN AFLOSSE EN TYDELIKE WERKNEMERS (4/3/2)**

**UK 781 BESLUIT**

1. Dat tydelike werknemers vergoed moet word teen 'n bedrag van 80% van die beginskaal van die vergoedingskaal wat van toepassing is op 'n permanente werknemer op daardie posvlak;

2. Dat waar permanente werknemers waarneem in 'n pos wat normaalweg op 'n hoër posvlak vergoed word, geld die bepalings van Klousule 8.3.1 van die Raad se Standaard Diensvoorwaardes; en

3. Dat tydelike aflosse by die Raad se Strandoorde oor naweke vergoed moet word teen 'n dagtarief van 80% van die beginskaal van die pos waarin afgelos word, vermenigvuldig met 1,5.

# VERSLAG VAN MUNISIPALE BESTUURDER

## BELEID
## VERGOEDING VAN AFLOSSE EN TYDELIKE WERKNEMERS

Dit gebeur gereeld dat daar van tydelike personeel gebruik gemaak moet word om af te los en/of om 'n spesifieke opdrag uit te voer.

Aangesien geen vaste reëling of beleid by Bergrivier Munisipaliteit geneem was oor die vergoeding van tydelike personeel nie, het die status-quo gegeld by die verskillende administrasies.

Hierdie situasie het goed gewerk tot en met die afhandeling van die plasings en die afhandeling van die herstrukturering, maar dit moet nou vervang word met 'n vaste beleid vir Bergrivier Munisipaliteit.

Vir dié doel word die volgende voorstelle aanbeveel:

1) Tydelike Werknemers

Volgens die definisie in die Standaard Diensvoorwaardes is 'n tydelike werknemer iemand wat voltyds of deeltyds vir uiters twaalf (12) maande aangestel is om 'n spesifieke werk te verrig en te voltooi.
In hierdie geval sal persone wat tydelik van buite die organisasie in diens geneem word en tydelik aflos in 'n ander permanente pos, geag word as 'n tydelike werknemer.

'n Vergoeding van 80% van die beginskaal van die vergoedingskaal wat van toepassing is op 'n permanente werknemer op daardie posvlak, word voorgestel.

2) Tydelike waarneming waar permanente werknemers waarneem in 'n pos wat normaalweg op 'n hoër posvlak vergoed word.
In hierdie geval geld die bepalings van Artikel 8.3.1 van die Raad se Standaard Diensvoorwaardes.

3) Tydelike aflosse by die Raad se Strandoorde oor naweke.
In hierdie geval word 'n vergoeding voorgestel van 'n naweek-tarief wat soos volg bereken word:
- 'n Dagtarief van 80% van die beginskaal van die pos waarin afgelos word vermenigvuldig met 1,5.

**17 September 2002**